AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

## PROJEKBESTUUR

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ŉ voltydse pos vir ŉ dosent in Bestuurswetenskappe in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar. Kandidate wat oor ŉ meestersgraad beskik, kan in aanmerking kom vir ŉ aanstelling op dosentvlak en kandidate wat oor ŉ honneursgraad beskik, vir ŉ aanstelling op junior dosentvlak. Hierdie pos sal in Centurion gebaseer wees.

### POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot volwaardige mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedings na.

### VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstelling en moderering van assesseringsaktiwiteite
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente

### POSVEREISTES

- ŉ meestersgraad in Bestuurswetenskappe
- een tot drie jaar ervaring in hoëronderwysomgewing met ervaring in die dosering van Projekbestuur-verwante modules
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

### VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede (akademiese Afrikaans)
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- rekenaarvaardighede
- kundigheid in die elektroniese onderrig- en leeromgewing
- inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ liefde vir Afrikaans
- bereid om ŉ ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 23 Februarie 2026 ingedien word. Stuur ŉ e-pos na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.